NAMIBIA ENDURANCE RIDE ASSOCIATION

BOX / BUS 2069 **TEL: +264-67-302869**

OTJIWARONGO **FAX: +264-67-302869**

NAMIBIA **Mobile: +264-81-2065939**

E-MAIL: secretary@namibiaendurance.org

"TO FINISH IS TO WIN"

NERA BESLUITE REGISTER 17 NOVEMBER 2018

Inhoudsopgawe **Bladsy**

1. **Ritfooie , Afstande & FEI fooie reëlings** **2**
2. **FEI perde paspoorte** **2**
3. **NERA: Webblad, facebook blad en administrasie daarvan** **3**
4. **Walvisbaai rit: Organisering & borge** **3**
5. **NERA Raadsvergaderings & NERA Algemene jaarvergadering** **3**
6. **NERA- en Klubbestuur** **3**
7. **NERA 2 dag ritte en ry van dieselfde perd oor 2 dae per rit** **4**
8. **NERA kantoor; finansiële en administratiewe besluite** **4**
9. **NERA/NAMEF** **5**

1. Ritfooie , Afstande & FEI fooie reëlings:

a. 17/11/2018

Die NERA Raad bevestig die besluit dat die klub wat n FEI rit aanbied verantwoordelik is vir 100% van die kostes.

2019 Lidmaatskap en ander kostes bevestig:

Junior en Senior affiliasie is onveranderd	N$	1 300-00
Kinderruiter affiliasie is onveranderd	N$	650-00
Korporatiewe affiliasie verhoog	N$	1 000-00
Perdepaspoort verhoog	N$	300-00
Ruiterpaspoort onveranderd	N$	100-00
FEI paspoort onveranderd	N$	2 800-00
FEI Registrasie: ruiter	N$	150-00
FEI Registrasie: perd	N$	150-00

Klub ritfooie

NERA klub ritfooie 20km	N$	100-00
NERA klub ritfooie 30km- 120km	N$	400-00

CEI* Xain Quas, Kalahari, WERC

NERA klub rit fooie 30km- 60km	N$	400-00
NERA 1* ritfooie 80km- 100km	N$	600-00
CEI* Ritfooi	N$	900-00

Stefanus Pienaar CEI **

NERA klubrit fooie 30km- 60km	N$	400-00
NERA 1* ritfooie 80km- 100km	N$	600-00
CEI 1* Ritfooi	N$	1 050-00
NERA 2* Ritfooi	N$	800-00
CEI 2* Ritfooi	N$	1 300-00
NERA 3* Ritfooi	N$	1 050-00

Walvisbaai CEI ritfooi**

NERA klubrit fooie 30km- 90km	N$	1 000-00
NERA 1* ritfooi 100km	N$	1 500-00
CEI* Ritfooi	N$	2 000-00
NERA 2* Ritfooi	N$	2 000-00
CEI 2* Ritfooi	N$	2 500-00

2. FEI Perde Paspoorte:

a. 17/11/2018

Die FEI perde paspoort fooi van N$ 2800.00 bly onveranderd.

3. NERA: Webblad, facebook blad en administrasie daarvan:

a. 17/11/2018

Raadslede: Alize Krenz en Dieter Neuman word aangestel deur Raad om NERA webblad en facebook blad te administreer.

4. Walvisbaai rit: Organisering & borge:

a. 17/11/2018

Die Nera Raad beveel aan dat Lee-Ann Liebenberg (NERA Sekretaresse) en Marna Steyl die kern van die 2019 Walvis organiserende komitee moet saamstel.

Die Raad het N$ 50 000.00 uit die Walvisbaai fondse beskikbaar gestel om te help met betaling van kostes veral ekstra verblyf en reiskoste vir lede van die 2019 Walvisbaai organiserende komitee. Die komitee mag die fondse na eie goeddunke gebruik vir kostes om Walvis te reël, maar die voorsitter van die komitee moet rekenskap gee van die uitgawes.

b. 17/11/2018

Die NERA Raad besluit dat enige NERA lid wat ‘n borg van N$ 5000.00 vir Walvis inbring een inskrywing verniet sal kry. Vir Elke N$ 5000.00 borg sal een inskrywing verniet toegestaan word.

5. NERA Raadsvergaderings & NERA Algemene jaarvergadering:

a. 30/8/2018

Die voorstel is dat die NERA AJV na later in die jaar geskuif moet word. Die voorstel het eenparige ondersteuning ontvang en gaan implementeer word.

6. NERA en Klubbestuur:

a. 30/08/2018

Voorstel was dat klub verteenwoordigers op NERA raad in die toekoms gekoppel moet word aan lede getalle van betrokke klubs. Groter klubs moet meer verteenwoordiging op Nera raad hê. Die vergadering stem teen die voorstel. Daar is besluit dat die huidige situasie nie sal verander nie. Twee lede per klub sal op NERA Raad dien vir `n tydperk van 2 jaar.

7. NERA 2 dag ritte en ry van dieselfde perd 2 dae na mekaar op 2 verskillende ritte:

a. 17/11/2018

Na beraadslaging keur die NERA Raad die ry van dieselfde perd 2 dae na mekaar op 2 verslkillende klubritte goed maar op die volgende voorwaardes;

- **a.** Perd moet 7 jaar en ouer wees.
- **b.** Perd moet reeds novice kwalifikasie voltooi het, dus die perd moet NERA of FEI (*Een ster*) kwalifikasie wees.
- **c.** Perde kan net op gewone NERA klubritte so gery word en nie op amptelike FEI ritte nie.
- **d.** Maksimum afstand wat perd mag ry oor `n naweek is 160 km in ‘n verste kombinasie van 80km/80km. Geen afstand op die naweek mag 80km oorskry nie.
- **e.** Perde mag wel enige afstand kombinasie kleiner as 80km oor die twee dae ry, byvoorbeeld: 60/60, 40/40, 60/40, 60/80, 40/80.
- **f.** Die rustyd na die rit is die aantal dae vir die totale afstand oor die twee dae gery. Byvoorbeeld 80km en 80km, dan moet die perd rusdae van 160km uitdien.
- **g.** Wanneer die perd op die eerste rit uitval mag die perd nie aan die tweede rit die volgende dag deelneem nie.
- **h.** Nera lede moet, waar FEI perde betrokke is, seker maak dat die perd reeds * gekwalifiseerd is sodat die manier van ry nie die FEI loopbaan van die perd in die toekoms beinvloed nie.
- **i.** Perde mag vinniger as novice spoed (16 km/h), gery word op enige van die 2 dae se ritte.

8. NERA kantoor; finansiële en administratiewe besluite:

a. 17/11/2018

Dat die huidige, bestaande NERA Bank Windhoek-rekening gesluit word en die fondse na die NERA Standard Bank-tjekrekening oorgeplaas word. Die vergadering het ingestem en die toestemmingsbrief is geteken deur twee raadslede. Die sekretaresse sal die proses by die bank afhandel.

b. 17/11/2018

Die NERA Raad aanvaar die 2016/2017 finansiële state, soos deur Ben Mouton Boekhouers opgestel, en teken dit af as korrek.

c. 17/11/2018

Die Raad neem ‘n besluit dat alle NERA klubs hul finansiële verslae en bankstate voor die laaste jaarlikse raadsvergadering inhandig by die NERA sekretaresse en nie agterna nie. Dit is net goeie finansiële bestuur wat toegepas moet word.

d. 17/11/2018

Die NERA sekretaresse het ‘n voorstel ingedien dat daar ‘n volwaardige finansiële program aangekoop moet word om die NERA boekhouding te standardiseer en te vergemaklik. Daar is reeds na “Quickbooks en Pastel programme” gekyk. “Quickbooks” blyk die goedkoopste en maklikste opsie te wees en dit pas ook in by NAMEF finansiële bestuurder se stelsels.

Die Raad keur die versoek goed. ’n Nuwe boekhou program moet so spoedig moontlik aangekoop word en die sekretaresse moet vir opleiding gaan.

e. 17/11/2018

Die NERA sekretaresse het versoek dat die NERA Raad die aankoop van ‘n nuwe “laptop” vir die NERA kantoor goedkeur. Die ou rekenaar is stukkend. Die Raad keur die versoek goed.

9. NERA/NAMEF

a. 17/11/2018

Elke uithourit klub betaal N$ 2 100.00 aan Nera om te betaal aan Namef as affiliasie fooi vir die jaar 2019. `n Bedrag van N$ 12 600.00 word dus dan deur Nera oorbetaal aan Namef.

Lede wat aan uithouritte sowel as aan ander dissiplines deelneem, sal vir die jaar 2019, die Nera, sowel as die Namef lidmaatskap fooie betaal.

Duneside klub is tans deur NAMEF geaffilieer en beoefen die volgende dissiplines: Dressage, Jumping, Eventing en Endurance. Die besluit word geneem dat Duneside klub se lede wat aan uithouritte deelneem se NERA lidmaatskap direk aan NAMEF betaal word, waarna NAMEF die geld dan oorbetaal na NERA. Lede wat NERA Lidmaatskap betaal val onder die reëls, regulasies en konstitusie van NERA soos tans nog van krag. Duneside klub word gesien as `n ”toetsklub” wat direk by NAMEF affilieer, maar alle uithourit aangeleenthede word nogsteeds deur Namef verwys na die uithouritverteenwoordiger op Namef wat op sy beurt weer die aangeleentheid kan verwys na die Nera Raad.